## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 941** **4 June 1993**

NATIONAL POLICY FOR GENERAL EDUCATION AFFAIRS ACT, 1984

NOTICE OF DETERMINATION OF POLICY

I, Pieter Gabriel Marais, Minister of National Education, hereby give notice in terms of section 2 (2A) of the National Policy for General Education Affairs Act, 1984 (No. 76 of 1984), that I have determined general policy in terms of section 2 (1) (d) of the said Act to be applied in respect of norms and standards for syllabuses and examination, and for the certification of qualifications as far as this relates to the matters referred to in the Schedule hereto.

The documents setting out such policy are obtainable upon written request from the Director-General, Department of National Education, Private Bag X122, Pretoria, 0001.

**P. G. MARAIS,**
Minister of National Education.

### SCHEDULE

Addendum to the report: **A résumé of instructional programmes in public ordinary schools,** NATED 02-550 (89/03):

The addition of Ndebele First Language Higher Grade to general policy.

---

**No. 945** **4 June 1993**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

ENTRIES IN THE REGISTER OF IMMOVABLE CONSERVATION-WORTHY PROPERTY

In terms of section 5 (1) (cC) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby enters several items in the official register of immovable property as fully described in the Schedule hereto and which the Council regards as worthy of conservation on account of its historical, cultural or aesthetic interest.

### SCHEDULE

1. The Dutch Reformed Church building, situated on Erf 849, Swart Street, Ottosdal.
2. The house known as Casa Bedo, situated on Portion 2 of Erf 37, at 8 Scott Street, Waverley, Johannesburg.
3. The house known as The Hamlet, situated on the Remainder of Erf 177, Ridgeway, Johannesburg.
4. The house, situated on Erven 974 and 975, St Patrick's Road, Houghton Estate, Johannesburg.
5. The building known as the Chinese United Club Mansions, situated on Erven 185 and 186, at 6 Commissioner Street, Johannesburg.
6. The Patidar Mansions, situated on Erven 328 and 329, at 40 President Street, Johannesburg.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 941** **4 Junie 1993**

WET OP DIE NASIONALE BELEID VIR ALGEMENE ONDERWYSSAKE, 1984

KENNISGEWING VAN BELEIDSBEPALING

Ek, Pieter Gabriel Marais, Minister van Nasionale Opvoeding, gee hierby ingevolge artikel 2 (2A) van die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwyssake, 1984 (No. 76 van 1984), kennis dat ek kragtens artikel 2 (1) (d) van genoemde Wet die algemene beleid bepaal het wat gevolg moet word ten opsigte van norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering, en vir die sertifisering van kwalifikasies vir sover dit betrekking het op die aangeleenthede in die Bylae hiervan vermeld.

Die stukke waarin sodanige beleid uiteengesit word, is op skriftelike aanvraag verkrygbaar van die Direkteur-generaal, Departement van Nasionale Opvoeding, Privaatsak X122, Pretoria, 0001.

**P. G. MARAIS,**
Minister van Nasionale Opvoeding.

### BYLAE

Addendum tot die verslag: **'n Samevatting van onderrigprogramme in openbare gewone skole,** NASOP 02-550 (89/03):

Die byvoeging van Ndebele Eerste Taal Hoër Graad tot algemene beleid.

---

**No. 945** **4 Junie 1993**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

INSKRYWINGS IN DIE REGISTER VAN ONROERENDE, BEWARENSWAARDIGE GOED

Kragtens artikel 5 (1) (cC) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), maak die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby in die amptelike register 'n inskrywing van die onroerende goedere in die bylae hiervan volledig beskryf en wat die Raad as bewarenswaardig ag vanweë die historiese, kulturele of estetiese belang daarvan.

### BYLAE

1. Die Nederduitse Gereformeerde kerkgebou, geleë op Erf 849, Swartstraat, Ottosdal.
2. Die huis bekend as Casa Bedo, geleë op Gedeelte 2 van Erf 37, te Scottstraat 8, Waverley, Johannesburg.
3. Die huis bekend as "The Hamlet", geleë op die Restant van Erf 177, Ridgeweg, Johannesburg.
4. Die huis, geleë op Erwe 974 en 975, St Patricksweg, Houghton Estate, Johannesburg.
5. Die gebou bekend as die "Chinese United Club Mansions", geleë op Erwe 185 en 186, te Commissionerstraat 6, Johannesburg.
6. Die Patidar-woonstelblok, geleë op Erwe 328 en 329, te Presidentstraat 40, Johannesburg.